

17 Mei Johannes 1:43-51

(Teks: 1:48,49)

Die vyeboom - Toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien

Die ware Israeliet ontmoet die ware Koning van Israel. Die ontmoeting is nie dadelik geslaagd nie. Alhoewel Natanael wel die koningsheerskappy van God ERKEN, HERKEN hy die Koning nie.

Hiermee worstel gelowiges vandag nog. In die kerk bely ons: God is deur Jesus Christus Koning van die hele wêreld. Maar buite die kerk lyk alles na chaos. Ons erken, maar herken nie.

Tussen erkenning en herkenning staan Natanael se vyeboom. Uit buite-Bybelse bronne weet ons dat die vyeboom vir baie Israeliete 'n plek van afsondering was. In die koelte van die groot blare het hulle gepeins oor wat God se beloftes vir hulle leefwêreld beteken.

Vandag beskou ons stilsit onder 'n vyeboom ('n binnekamer) as 'n tydrowende luukse.

Wat gebeur by die vyeboom? Is dit so, dat as ons maar aanhou lees en studeer, dat God se heerskappy dan mettertyd wel logies verstaanbaar word? NEE! Wie dit verwag kan steeds maar nie die kleinheid van Nasaret by die grootheid van God se beloftes tuisbring nie.

By die vyeboom sien jy nie, maar word die worstelende jy DEUR-gesien. Ek ken net gedeeltelik, maar God ken my ten volle! (1 Kor. 13:12). Hierdie besef laat die skeptiese Natanael sy Koning HERKEN.

Daarom, TERUG NA DIE VYEBOOM! Selfs met wanhoop en twyfel terug na die binnekamer - tot die vyeboom bot. Want as die vyeboom bot is die somer naby (Mark 13:28).

Sing Psalm 33: 7, 8 en 9

Ds. W.C. Vergeer (Randfontein-Noord)